# MET YWER EN GLOED

Waar ons leerders voorberei vir 'n snelveranderende toekoms.

Adres:


Schürmannslaan 936
CLAREMONT
0082

Tel: (012) 379 2119/0
e-Mail: tuinrandsk@laerskool-tuinrand.co.za
webadres:www.laerskooltuinrand.co.za

Faks: (012) 379 7625
SARS PBO 930004773
NPO 031 716


# SKOOLLIED:

Ons skool teen die hang
van die suidelike kant,
van ons Moot afgesnoer
deur Magaliesbergwand.
Dis nie maar 'n skool
van elkedags trant:
Hier hou ons tradisies tot stand.
Tuinrand! Diep in ons harte geplant:
Verhelder ons oë
verryk ons verstand
om te lewe met ywer en gloed.

**ELKEEN BRING SY KANT – TUINRAND IS AAN DIE BRAND**

# VISIE:

**Laerskool Tuinrand skep sprankelleerders,**
**deur kreatiewe onderrig en toekomsgerigte opvoedkundige beginsels.**

# SLAGSPREUK:

Elkeen bring sy kant –
Tuinrand is aan die brand.

# EREKODE:

- Ek gee die ereplek van God en Sy woord in my lewe.
- Ek dien my ouers en my skool.
- Ek streef daarna om hulpvaardig te wees en my medemens te dien.
- Ek gehoorsaam en respekteer my ouers en opvoeders en gedra my hoflik teenoor my medemens.
- My woord is my eer.
- Ek is gesteld daarop om myself en my omgewing netjies en rein te hou.
- Ek streef daarna om eerlik, opreg getrou en vriendelik te wees.
- Ek glo dat die vrese van die Here die beginsel van die wysheid is.
- "Met Ywer en Gloed".